

SKRIFGEDEELTE: FILEMON VERSE 8-19 (NAV)

FOKUSGEDEELTE: FILEMON VERSE 15, 16

Filemon – hoe om werklik te vergewe

Filemon was 'n vooraanstaande Christen. Sy slaaf Onesimus het van hom af weggeloop. Die Here beskik egter dat Onesimus hom in Paulus vasloop toe hy saam met hom in die tronk beland. Daar in die tronk word Onesimus 'n Christen. Wanneer Onesimus vrygelaat word, stuur Paulus hom terug na Filemon en dring daarop aan dat Filemon hierdie slaaf soos 'n broer in Christus moet ontvang.

Paulus versoek Filemon: Ontvang hom net soos jy my, jou vriend en geloofsgenoot, sal ontvang. Daar is niks om met Onesimus uit te sorteer voordat hy weer as slaaf vir Filemon werk nie. Wanneer God vir Onesimus vergewe en hom nuutmaak, hoef die saak van sy weglopery nie weer opgehaal en uitgesorteer te word nie. Al kon Filemon vir Onesimus volgens wet doodmaak omdat hy weggeloop het, werk dit nou nie so nie. Wanneer God vergewe, moet Filemon ook vergewe.

Ware vergifnis is ook nie dat Filemon maar sou sê: Onesimus kan terugkom, solank hy hom nou gedra nie. Vergifnis vir God is wanneer Hy ons vergewe en ons in liefde aanneem. Daarom moet Filemon vir Onesimus soos 'n geliefde broer ontvang. Filemon moet hom nie uit dwang terug ontvang nie, maar uit liefde.

Wanneer jy sê: ek het iemand vergewe, maar jy vermy so 'n persoon, is jou vergifnis oneg. Vergifnis is eers voltooi wanneer die Christelike band weer herstel is. Deur Jesus se dood en opstanding is ons sonde vergewe juis sodat die band tussen ons en God herstel kon word.

Mag ons ook altyd vergewe soos die Here wou hê dat Filemon moes vergewe. Die gesiene baas word soos die slaaf, wanneer jy iemand in liefde vergewe. Christus het soos jy geword, en Hom aan jou gebind. Vergewe mekaar, en buig diep in liefde.

Sing: Skrifberyming 2-4:1

Ds. HJ (Hennie) Briel (Petrusburg en Boshof)